DIE Stem VAN DIE Martelare

"Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is." Heb 13:3

April 2022

UIT ENIGE STAM

DOOP IN 'N TENTSEIL

'N EVANGELIE NIE NET VIR VREEMDELINGE NIE

Oekraïne Hulp Christene vlug uit Oekraïne na Poland om hulp te soek. Ons Poland-kantoor samel $120 000 oor die volgende 4 maande in. Indien u 'n skenking wil maak aan die *Ukrainian Christian Aid* projek, gebruik asseblief die volgende bankbesonderhede en gebruik die verwysing Ukraine Aid.

NEDBANK Christelike Sending Internasionaal. Rekeningnr.: 1925-024946 (Tjek) Takkode: 192-505 (Bedfordview)

Wanneer Haat die Grens Oorskry

Toe Abdou en sy vrou, Halima, hoor dat Islamitiese ekstremiste vanaf Mali in Niger ingekom het en talle Christene doodgemaak het, sommige van wie kruis-hangertjies gedra het, het Abdou besluit om gereed te maak vir ‘n moontlike aanval op hulle dorp

Eerstens het hy sy eie kruis-hangertjie om sy nek vasgemaak om sy eerbied aan Jesus Christus te toon. Toe een van sy sewe dogters egter opmerk dat Abdou moedig die kruis ten toon stel, het sy kwaad geword. “Hoekom hou jy aan om die kruis te dra?” het 13-jarige Salome hom gevra.

“As ek moet sterf, wil ek graag met ‘n kruis om my nek doodgaan,” het hy geantwoord. Drie dae later, op die laaste dag van Ramadan in 2021, het die ekstremiste hulle dorp binnegeval.

Uit in die Oopte

Op die oggend van 12 Mei, kort nadat Abdou en Halima klaar gebid het en besig was om reg te maak vir die dag, het 18 mans op motorfietse in hulle stil dorp ingery en die kerk langs hulle huis omsingel.

Halima het net betyds uitgehardloop om te sien hoe gewapende mans in die kerkgebou ingaan. Die ekstremiste het al die Bybels, sangboeke en kruise op ‘n hoop buite die kerk gegooi en dit aan die brand gesteek voordat hulle verder gegaan het om plaaslike Christene op te spoor. Ongeveer 40 Christenfamilies en 140 Moslemfamilies van die Songhai-mensegroep het in die dorp gewoon.

Die aanval op Abdou en Halima se dorp is deel van ‘n toenemende neiging. Alhoewel Niger se klein Christenbevolking vryheid geniet om Christus in hulle oorwegend Islamitiese land te volg, steek Moslemekstremiste van Niger en ander buurlande vanaf Mali, Burkina Faso en Nigerië die grens oor om Christene aan te val.

Die ekstremistegroepe wat dikwels met die selfgeproklameerde Islamitiese Staat (ISIS) en Al-Kaïda verbind word, het ook honderde gemeenskapsleiers, ongeag hulle geloof, doodgemaak of ontvoer. Hulle doelwit is om Islamitiese beheer tot stand te bring te midde van die wanorde wat hulle veroorsaak.

Nadat die aanval op Abdou se dorp begin het, het hy by die venster uitgekyk en gesien hoe die ekstremiste sy buurman se huis nader. Met sy kruis-hangertjie om sy nek en geklee in ‘n tradisionele Afrika-kleed, met sy kerk se wapen op die voorkant en ‘n groot kruis op die agterkant, het hy sy huis verlaat om sy Christenvriend te gaan help. Hy het egter stadig vordering gemaak weens die krukke wat hy gebruik as gevolg van ‘n besering.

Terwyl Halima begin hardloop het om haar man te help, het ‘n ekstremis Abdou genader. Die man het Abdou se krukke geskop, hom op die grond laat val en hom toe in die kop geskiet. “Ek het na my man gehardloop, hulle het ongeveer agt keer net aanhoudend op hom geskiet,” vertel Halima.

Halima het langs Abdou se liggaam gekniel en vir twee ure gehuil terwyl ander dorpenaars van die aanvallers wegvlug. “Niemand het my kom help nie, almal het weggehardloop,” het sy in trane gesê.

Abdou was een van vyf mense wat in die aanval dood is en Halima en twee van haar dogters wat Abdou se dood aanskou het, herstel nog van die trauma. “Ek dink heeltyd terug aan wat gebeur het,” het Halima gesê.

'n Tweede Aanval

Die volgende maand, op die aand van 22 Junie, het die Islamiete teruggekeer. Die keer het hulle enigiemand wat selfs met Christene verbind was, doodgemaak, insluitende 'n Moslemman wat met 'n Christenvrou getroud was. Vier ekstremiste op motorfietse het die dorp deursoek, spesifiek op soek na Halima se pastor, Ibrahim.

'n Vrou wat van die aanval gevlug het, het gesien hoe gewapende mans Ibrahim se huis nader en sy het hom gewaarsku oor die gevaar en hy het vinnig agter 'n buurman se huis weggekruip. Terwyl die Islamiete deur die pastor se huis geloop het, is hulle aandag afgetrek deur 'n dorpenaar wat in 'n motor probeer vlug het.

Ibrahim het die geleentheid gesien om weg te vlug en na 'n rivier gehardloop en weggekruip. Die pastor se buurman wat met 'n motor probeer wegvlug het, is deur die ekstremiste geskiet en herstel steeds in die hospitaal. Ibrahim het gesê hy is seker die aanvallers was op sy spoor omdat hy 'n pastor is. Hy is dankbaar dat hy en baie ander Gelowiges daardie dag se aanval oorleef het.

"Die feit dat die aanvallers agter daardie motor aangehardloop het, het baie Christene die kans gegee om weg te hardloop en te skuil," het Ibrahim gesê.

Oorbegin

Die 40 Christenfamilies wat in die dorp gewoon het, is nou verspreid oor die streek, meeste waarvan in kampe vir ontwortelde mense bly. Hulle kan nie nou na hulle dorp terugkeer nie, selfs al is dit veilig, want hulle het geen kos nie. Plaaslike boere was nie in staat om enige gesaaides te plant of te oes nie en hulle lewende hawe is deur die ekstremiste gesteel.

Pastor Ibrahim het gesê hy is dankbaar vir SVM se hulp aan sy kerk terwyl hy en die ander Gelowiges probeer om oor te begin. SVM help ook om skoolfondse te betaal vir Christenkinders wat in die kampe bly. "Ons dank u dat u hierheen gekom het," het die pastor vir Frontlinie-Werkers gesê. "Dit is 'n baie goeie Christelike getuienis. Ons het daardie liefde wat saam met 'n Christen huil, gesien. Julle het baie kilometers gevlieg om hierheen te kom. Julle kan sien in watter toestand hierdie mense bly. Ons is so bly. Hulle het nie eers woorde om 'Dankie' te sê nie. Wanneer julle teruggaan, moenie vergeet om die kerk daar te groet nie, stuur groete vir hulle van ons af. Ons bid dat hierdie verhouding lank sal voortgaan sodat ons geloof in Christus versterk kan word."

Halima het gesê die besoeke en gebede van haar broers en susters in Christus het haar deur die donker, alleen tye gedra. Sy het gevra dat ons vir haar gesondheid sal bid, dat sy in staat sal wees om vir haar dogters te sorg en dat hulle in geloof sal groei.

Sy het ook gevra dat ons vir die Moslemekstremiste moet bid. "Toe Abdou nog gelewe het, het hy vir hierdie mense gebid wat moeilikheid in die dorpe maak," het sy gesê. "Hy het gebid dat God vir hulle die regte pad sal wys sodat daar vrede sal kom." Halima en die ander Christendorpenaars in die kamp vir ontwortelde mense bid voortdurend vir vrede sodat hulle eendag kan terugkeer na hulle huise. Hulle is vasbeslote om hulle Christelike getuienis daar te behou, ondanks die konstante dreigemente van nog 'n aanval deur Islamitiese ekstremiste. ■

▼ Pastor Ibrahim het 'n Islamitiese aanval oorleef deur weg te kruip naby 'n rivier. Vandag bly hy en ander lidmate in 'n kamp vir intern ontwortelde mense.

"As ek moet sterf, wil ek graag met 'n kruis om my nek doodgaan."

Drie Mans, Drie Jaar, Drie-en-Dertig Kerke

'n Voormalige Moslem en twee familielede is vasbeslote om te verseker dat elke lid van die Tuareg-stam in hulle streek van Jesus hoor – selfs al kos dit hulle alles.

Brahim het vir drie jaar die versmorende hitte van 'n tronksel in die Sahara-woestyn trotseer – toestande wat ander tronkinwoners laat sterf het. Maar toe aanskou hy iets wat hom hoop gegee het.

'n Groep mans het op 'n dag in 2017 die tronk in Niger besoek om 'n paar verbeteringe vir die gevangenes aan te bring. Hulle het vensters in die mure ingesit, dakwaaiers geïnstalleer, badkamers en ander areas skoongemaak, en selfs 'n TV vir die gevangenes gebring. Hierdie mans was nie geaffilieerdes van die tronk nie; hulle het gekies om die gevangenes te help uit hulle liefde vir Jesus Christus.

"Nog voordat hulle hul monde oopgemaak het om te preek, het hierdie dade van sorg aan mense wat desperaat was en in haglike toestande lewe, my hart tot Christenskap begin keer," het Brahim gesê. Sommige van die besoekers het elke Sondag teruggekeer om die Evangelie met gevangenes te deel en uit die Bybel te lees en Brahim, gevange geneem weens deelname aan 'n misdaad, was aangeraak deur wat hy gehoor het. "Die boodskap was so prakties," vertel hy. "Hulle het ook geleef wat hulle preek. Deur hulle optrede kon ek sien dat hierdie groep mense God gevrees het. Dit het my bevestiging gegee dat daardie mense op die regte pad was."

Brahim het besluit om daardie selfde pad te volg en sy vertroue in Jesus Christus geplaas. Terwyl hy nog in die tronk was, het hy God se Woord gereeld bestudeer en die JESUS-film gekyk wat ook deur

die Christene voorsien is. Met sy vrylating in 2018, het hy 'n pastor ontmoet om saam met hom die Bybel te bestudeer voordat hy na sy vrou en kinders terugkeer huis toe. Hy wou na sy mense terugkeer met 'n beter begrip oor God se Woord sodat hy dit behoorlik met hulle kon bespreek.

Toe hy in sy tuisdorp arriveer, het hy deur God gelei gevoel om die Evangelie na al die Tuaregs in sy streek in Niger, wat honderde myle strek, te neem. Sy gebed is om dit teen 2025 te doen, ongeag wat dit kos.

"Ek soek 100 persent," het Brahim, wie se gesig byna heeltemal met 'n groen Tuareg-tulband bedek was, gesê. "Die doel is om die Evangelie na almal te neem, nie net 'n paar nie."

Uitreik na Sy Mense

Meeste van die Tuaregs bly in 'n uitgebreide deel van die Sahara wat van Niger tot in Algerië, Burkina Faso, Libië en Mali strek. Hulle is semi-nomadiese mense, wat beteken hulle reis met hulle kuddes lewende hawe op 'n seisoenale basis, maar hulle bly ook op aangewese plaasgebiede. In Niger is 2.6 miljoen mense, of 11% van die bevolking, Tuaregs.

Namate hy die Tuaregs met die Evangelie wil bereik, het Brahim by sy eie familie begin. Hy het allereers sy vrou en sewe volwasse kinders na Christus gelei en toe die Goeie Nuus met sy naasbestaandes gedeel waarna die meeste besluit het om Jesus dadelik te volg.

Vroeg op sy reis om die Tuaregs van Christus te vertel, het Brahim die stamleier in sy streek besoek. Hy het die Evangelie met die man gedeel, wat ook toevallig 'n familielid is, en sy voornemens om teenoor die Tuaregs te getuig, bespreek.

"Ek is nie 'n Christen nie, maar ek is nie teen Christene nie," het die leier vir hom gesê. "Wie ook al 'n Christen wil word in hierdie meer as 100 dorpe, is vry om dit te doen".

Met die leier se toestemming en die hulp van die pastor wat hom onderrig het, het Brahim honderde lede van sy eie stam bymekaar geroep en vir die skare vertel hoekom hy hulle byeengeroep het. "Die waarheid wat ek ontdek het gaan oor Jesus," het hy eenvoudig gesê. "Hy is die weg. Hy is die lig. Diegene wat Hom nie volg nie, kan God nie ontmoet nie."

Brahim het almal wat hulle geloof in Christus wou plaas, versoek om hulle hande op te steek. Daarna het die pastor die name van diegene wat gereageer het, neergeskryf. Terwyl die pastor die name neergeskryf het, het Brahim gesê: "As julle jul hande opgesteek het wil ek dit openbaar maak sodat baie mense in die dorp sal weet dat julle Christene is." Meer as 400 mense het daardie dag hulle geloof in Christus geplaas en Brahim het hulle belowe dat hy sou terugkeer om hulle meer oor Jesus en die Bybel te leer.

Twee van Brahim se familielede het spoedig by hom en sy bedieningswerk aangesluit – sy oudste seun, Wararni, en sy neef, Usaden, wat as hoof van die dorp dien. Net soos Brahim het beide ook 'n sterk begeerte gehad om die Evangelie met ander Tuaregs te deel.

"Die oortuiging wat ek ontvang het die dag toe ek Jesus aangeneem het, is dat hierdie werk my lewe moet wees," het Wararni gesê. "Die werk is nie vir my alleen nie; die werk is vir meer mense om te hoor."

Wanneer die mans 'n nuwe dorp besoek, is hulle strategie om 'n "man van vrede" te vind, iemand wat goedhartig is, wat deur sy gemeenskap vertrou word en ontvanklik is vir die Evangelie. Daardie man vat dan die Evangelie na sy mense en verduidelik dan dat diegene wat dit met hom gedeel het weer op 'n gegewe tyd sal besoek aflê om almal wat belangstel, meer te leer.

Die evangeliste kom dan saam, of individueel, terug na die dorp as 'n gas van die man wat hulle op die eerste besoek ontmoet het. Hulle deel die Evangelie, lees verhale uit die Bybel en beantwoord vrae van diegene wat teenwoordig is om te luister.

Dit Dra Vrug

Sedert die drie mans die Evangelie in 2018 begin deel het, het hulle tussen 100 en 1,000 mense gesien wat tot bekering kom elke keer wanneer hulle preek. Brahim het boonop 19 kerke begin en Usaden het ses begin.

▲ Die nomadiese Tuaregs is verspreid oor verskeie lande in Afrika se Sahara-streek.

Usaden was verras deur die toenemende verspreiding en ontvanklikheid van die Evangelie onder die Tuaregs. "Mense kom na Jesus en dit gee my moed, baie moed," het hy gesê.

Die rede hoekom so baie op een slag hulle tot Christus bekeer, is omdat die stam die eienskappe van 'n hegte familie het, het 'n Frontlinie-Werker verduidelik. "Die familieband is baie sterk," het hy gesê. "Wanneer hulle sien die leier doen iets, bevraagteken hulle dit amper nooit."

Buiten hulle Evangelie-bediening aan Tuaregs, het die mans vir kleiner groepe nomadiese Fulani en Arabiere gepreek wat deur hulle streek beweeg.

Wararni en sy vrou, wat 'n Fulani is, het agt kerke begin en honderde Fulani's en Tuaregs na Christus gelei. Van elkeen van hulle het Wararni gesê: "Daar is geen twyfel in hulle ontmoeting met Jesus nie."

Brahim het gesê dat alhoewel Arabiere minder ontvanklik is vir die Evangelie, maak sewe manne wat hulle tot Christus bekeer het nou dissipels onder hulle eie mense. "Meeste van daardie werk is in Algerië," het Brahim gesê. "Ons wil die werk in Niger voltooi voordat ons na 'n ander land toe gaan, maar die Arabiere van Niger moet diegene wees wat soontoe gaan."

Alhoewel die getal nuwe

Die drie evangeliste moet kreatief wees wanneer hulle nuwe Gelowiges in die Sahara Woestyn doop.

Gelowiges en kerke baie opwindend is, weet die drie evangeliste dat hulle nog baie werk het om te doen. Hulle neem dissipelskap baie ernstig op en hulle teken die name van elke nuwe Gelowige aan en maak seker om hulle op te volg. “Ons wil hulle leer, onderrig, sodat hulle ver in hulle geloof kan gaan,” het Brahim gesê. Die mans het dit uitdagend, maar nie onmoontlik nie, gevind om nuwe Gelowiges in die woestyn te doop. Wanneer hulle die Evangelie na ‘n nuwe plek neem, neem hulle ‘n tentseil saam, grawe ‘n gat, lê die seil in die gat en vul dit met water op. Selfs in die middel van die woestyn geniet hulle dit om te sien hoe mans en vrouens openlik verklaar dat Jesus Christus hulle Heer en Verlosser is.

Aanhitsing tot Moeilikheid

Namate die nuus versprei het dat honderde mense in verskeie dorpe Islam verlaat en Christus aangryp, het plaaslike Islamitiese leiers baie kwaad geword. ‘n Groep mans het op ‘n keer na Brahim se huis gegaan en gedreig om hom en sy familie dood te maak indien hy nie sy bedieningswerk stop sit nie. Natuurlik het dit hom nie afgesit nie; hy weet waarheen hy gaan as hy sou doodgaan. ”Indien julle my aanraak, weet ek dat julle oorlog teen die hemel verklaar,” het Brahim gesê.

Toe, in 2020, het Wararni byna sy lewe verloor. Twee Fulani-hoofde en twee Tuareg-hoofde het gedurende Ramadan by ‘n plaaslike regeringsbeampte gekla dat Wararni en sy vrou mense dwing om Islam te verlaat.

Islamitiese leiers bring dikwels beskuldigde Christene voor plaaslike leiers en eis dat die beskuldigdes weerhou sal word van hulle Christelike werk. Die leiers verduidelik dan gewoonlik dat hulle niks kan doen nie omdat die Nigerse grondwet vryheid van geloof waarborg.

Hierdie keer het die twee Fulani- en Tuareg-hoofde die saak in eie

hande geneem. Terwyl Wararni met ‘n vriend in ‘n nabygeleë dorp gepraat het, het die vier Moslems hulle genader en omsingel.

“Wat doen julle hier?” het Wararni se vriend gevra.

Hulle het hul vingers na Wararni gewys en gesê: “Ons soek na hom, ons wil hom doodmaak.”

Die mans het swaarde gehad en een van hulle het ook ‘n pistool gehad.

“Ek het gedink: ‘Vandag gaan hulle my lewe beëindig, maar ek is so gelukkig terwyl ek hierdie werk doen, selfs al maak hulle my dood”’ vertel Wararni.

Alhoewel hy bereid was om vir Christus te sterf indien dit God se wil was, wou Wararni ook aanhou om Hom te dien. Hy het ‘n vriend in die dorp gebel wat ‘n lid is van die Nigerse weermag en sy vriend het binne minute met drie ander soldate gearriveer om die vier Moslems te arresteer.

“Ek het gesê: ‘Daar is vier struikrowers hier wat ons wil aanval!’” vertel Wararni. “Die weermagleier het die vier gearresteer en in die kar gelaai.”

Namate hulle invloed en reputasie in die streek voordurend groei, verwag Wararni en die ander toenemende vervolging – en hulle is nie bang nie. Elke keer wat hulle ‘n nuwe Gelowige onderrig, leer hulle vir hom of haar dat vervolging verseker sal kom en doodeenvoudig deel is daarvan om Jesus te volg.

“Dit is deel van my lewe en dit is deel van die lewe van baie van my dissipels,” het Wararni gesê. “Hulle verwag dit.”

Gaan voort met die Werk

SVM voorsien gedrukte en oudio-Bybels asook ander bedieningshulpmiddels aan hierdie drie evangeliste, wat dankbaar is vir die ondersteuning. “Ons is ook so dankbaar dat julle al die pad gereis het om ons te ontmoet,” het Brahim gesê, “en om uit te vind hoe dit met ons gaan en hoe die Here met ons werk.”

Die drie mans het gevra dat ons vir die beskerming van Christene bid, veral pastors en ander leiers, namate hulle met Moslems werk. Hulle het ook gevra dat ons sal bid “teen enige strategie van die vyand” om hulle werk te stuit.

“Ek wil hê die werk moet uitbrei en beweeg,” het Wararni gesê.

“Ek wil hê dat julle en julle mense vir hierdie Gelowiges sal bid om in eenheid te staan sodat Satan nie sal binnedring en skeiding veroorsaak nie,” het Usaden bygevoeg. “As hulle sterk is, sal hulle vorentoe beweeg en God volg.”

As hy terugkyk op die afgelope paar jaar, sê Brahim hy is in ekstase om te sien hoe die Evangelie onder die Tuaregs en Fulani’s in Niger floreer het. Hy is ook bly oor die getroue werk van sy seun, Wararni, en neef, Usaden.

“Ek is so gelukkig, meer as wat enigiemand kan wees,” het hy gesê. “Watter probleem ook al my pad mag kruis, vergeet ek van alles wanneer ek dink aan dit wat besig is om te gebeur. Ek is net verheug in die Here.” ■

▲ ‘n Boom en versigtig geplaaste geweefde materiaal voorsien skaduwee vir hierdie Tuaregs wat na die Goeie Nuus luister.

Let Not Man PREVAIL AGAINST GOD

Engelse Aanhaling uit 'n 1981-boodskap deur Sabina Wurmbrand

In 2 Chronicles 14, King Asa is in a big crisis. The enemy has invaded his country, and he knows he is too weak to stand against them. Not knowing how to solve his problem, he goes to God in prayer. "Help us, O LORD our God, for we rely on you. … O LORD, you are our God; let not man prevail against you."

Nearly 3,000 years have passed since these words were written, but if someone asks me how things are going in Communist Romania and in a third of the world, I could not have better words than these. Men are trying to prevail against God, saying, "We, the Communists, are so strong, so powerful; we don't need your God." This describes what is going on in Communist countries.

In his crisis, King Asa prays to God, "Let not man prevail against you." We are not kings here, but every one of us is like a king or queen in our own little kingdom. As for problems, surely you have them. We could learn from Asa. Let us go to God in prayer. It is the best we can do.

I would like to tell you how God fought for us in prison.

Forced into slave labor on a canal, we were all sad. But one young Jewish lady, a doctor, was sadder than the rest of us.

One day she stood near me as I was on my straw mattress, and I tried to give something to this heart in despair. Despair in the heart of the prisoner was so dark.

I tried to tell her, "You, being Jewish, should not be so in despair, because God has promised to our forefather, Abraham, that the Jewish people will have a bright future. They will be like the sand on the seashore and like the stars in the sky."

Lifting up her beautiful, sad eyes, she said, "Surely, like the sand on the seashore, trodden under the feet of everyone, we are trodden under the feet of the Communist guards. But like the stars in the sky, don't speak to me anymore about your God."

Maandelikse Debietorderfasiliteit IS BESKIKBAAR!

Baie van ons lesers deponeer goedgunstiglik en liefderyk hulle finansiële gawes in een van ons bankrekeninge. Om dit meer te vergemaklik, het ons 'n debietorder-opsie beskikbaar indien u op 'n meer gereelde basis wil skenkings maak.

Indien u via debietorder wil skenkings maak, druk asseblief die onderstaande vorm uit, vul dit in en e-pos dit direk aan bianca@vomsa.org.

Die debietorder kan te eniger tyd gekanselleer word deur SKRIFTELIKE KENNIS per e-pos na bianca@vomsa.org.

DEBIETORDERMANDAAT VIR Christelike Sending Internasionaal (CSI)

Naam van Rekeninghouer:	
Adres:	
Bankbesonderhede: **Bank Naam**	
Tak Naam	
Takkode	
Bankrekeningnommer	
Tipe Rekening	Lopend/Tjek ☐ Spaar ☐ Transmissie ☐
Verlangde Debietdatum:	1ste ☐ 15de ☐ 20ste ☐ 25ste ☐ Laaste dag van maand ☐
Begunstigde Naam:	Christelike Sending Internasionaal
Selfoonnommer:	
Telefoonnommer:	

Hiermee gee ek aan u, <Christelike Sending Internasionaal> (die "begunstigde"), magtiging om deur *Transaction Capital Payment Solutions* (die "Invorderingsinstansie"), betalingsinstruksies aan my bankier uit te reik en te verwerk om my bogenoemde rekening by my bogenoemde bank te debiteer mits die som van sulke betalingsinstruksies nie sal verskil van my verpligtinge wat ooreengekom is in die ooreenkoms nie.

Ek bevestig dat die eerste betalingsinstruksie van R_____ (maandelikse donasiebedrag) op _____ (datum) uitgereik en verwerk word.

Indien die datum van die betalingsinstruksie op 'n naweek of publieke vakansiedag val, bevestig ek dat die betalingsinstruksie op die volgende besigheidsdag van my rekening gedebiteer mag word. In die geval van onvoldoende fondse, bevestig ek dat 'n dubbele debiet in die volgende maand van my rekening verhaal mag word.

Daaropvolgende betalingsinstruksies met betrekking tot hierdie magtiging sal van krag bly totdat die verpligting van hierdie ooreenkoms betaal is of hierdie magtiging deur my gekanselleer word deur skriftelike kennisgewing van nie minder as 30 dae nie.

Ek aanvaar dat alle betalingsinstruksies wat deur u uitgereik word deur my boegenoemde bank hanteer word asof die instruksies deur my persoonlik uitgereik is.

Ek aanvaar ook dat hierdie debietordermandaat elektronies aan die Invorderingsinstansie oorhandig sal word en dat die mandaatmagtiging deur hierdie oorhandiging goedgekeur is.

Geteken te _____ (plek) op _____ (dd/mm/jjjj)

Handtekening/e in gebruik van hierdie bankrekening _____
Stuur asseblief die voltooide vorm per e-pos na bianca@vomsa.org.

Christelike Sending Internasionaal, Posbus 7157, Primrose Hill, 1417 Tel: 076 022 3336 (Kantoor Selfoon)
Kantoorsekretaresse: Bianca Slabber – E-pos: bianca@vomsa.org | Uitvoerende Direkteur: Mnr. A.B. Illman – E-pos: cmi@vomsa.org – Sel: 083 457 4164

Gebedsdagboek

April/Mei 2022

APRIL

S	17	LAOS	Bid vir eenheid onder die nuwe generasie Christenleiers, ondanks hulle verskillende etnisiteite.
M	18	SAOEDI-ARABIË	Bid vir die beskerming en groei van klein plaaslike bedienings regoor die land.
D	19	MIANMAR	Bid vir kerke in Mianmar namate hulle politieke onstabiliteit en onsekerheid bestuur.
W	20	BAHREIN	Bid dat Jesus Christus aan diegene wat Gelowiges vervolg, openbaar sal word.
D	21	LIBANON	Bid vir diegene wat aan Siriese vlugtelinge in die Bekaa Valley bedien.
V	22	SRI LANKA	Bid vir diegene wat na kinders uitreik.
S	23	**TURKMENISTAN**	**Bid dat die regering die Bybel amptelik sal erken in die Turkmeense taal.**
S	24	NOORD-KOREA	Bid vir die ingenieurs wat verantwoordelik is om daagliks Evangeliese radio-uitsendings op die lug te hou.
M	25	NEPAL	Bid vir Christenweduwees in Nepal wat erge diskriminasie trotseer.
D	26	SIRIË	Bid vir Pastor Victor in Afrin wat Christus te midde van groot onrus, getrou deel.
W	27	VIËTNAM	Bid vir nuwe Gelowiges wat vervolging trotseer deur die verlies van huise, grond en lewensbestaan.
D	28	ASERBEIDJAN	Bid dat kerke sal uitreik na diegene wat inkomste tydens pandemiese kwarantyn verloor het.
V	29	ERITREA	Bid vir die regering, diegene in beheer en Eritrea se langtermyn leier, Isaias Afwerki.
S	30	**BURKINA FASO**	**Bid dat nuwe Gelowiges in staat sal wees om hulle eie kopie van God se Woord te bekom.**

MEI

S	1	OMAN	Bid vir die bemoediging en moedigheid van plaaslike Gelowiges wat in isolasie aanbid.
M	2	ASERBEIDJAN	Bid dat Gelowiges die tegnologie effektief sal gebruik om die Evangelie te verkondig.
D	3	LAOS	Bid dat opleidingsessies nuwe Gelowiges sal bemoedig en versterk.
W	4	TADJIKISTAN	Bid vir die gesondheid van Tamara, 'n weduwee wie se man doodgemaak is omdat hy 'n pastor was.
D	5	MAROKKO	Bid dat Bybels meer toeganklik sal word regoor die land.
V	6	BANGLADESJ	Bid vir diegene wat 50 Frontlinie-Werkers oplei om die Evangelie na Moslems te neem.
S	7	**JEMEN**	**Bid dat gevange Gelowiges voortdurend krag en bemoediging in Christus sal ontvang.**
S	8	TURKYE	Bid vir 'n pastor wat weens sy geloof vir etlike jare reeds nie toegelaat word om sy dogter te sien nie.
M	9	SENTRAAL-AFRIKAANSE REPUBLIEK	Bid dat Christenbekeerlinge uit Islam in getal en geloof sal groei.
D	10	KAMEROEN	Bid vir Christene wat deur Boko Haram-aanvalle in noordelike Kameroen ontwortel is.
W	11	MIANMAR	Bid vir die gekompliseerde politieke toestand in die land.
D	12	KAZAKSTAN	Bid vir Christelike byeenkomste wat Kazakse Gelowiges oplei en bemoedig.
V	13	COLOMBIË	Bid vir Frontlinie-Werkers wat die Evangelie met onbereikte mensegroepe deel.
S	14	**PAKISTAN**	**Bid dat godslasteringswette omgekeer sal word en godsdiensvryheid sal floreer.**

Teken in op ons GRATIS maandelikse Nuusbrief: Besoek www.persecutionsa.org

VIR DONASIES OF BYDRAES - Christelike Sending Internasionaal Bankbesonderhede:

Nedbank
Rek nr.: 1925-024946 (Tjek)
Takkode: 192505 (Bedfordview)

Standard Bank
Rek nr.: 02-249-5592 (Tjek)
Takkode: 018305 (Bedford Gardens)

ABSA Bank
Rek nr.: 909-861-7711 (Spaar)
Takkode: 632005 (Bedford Centre)

CSI | Posbus 7157, Primrose Hill, 1417 Suid-Afrika | Kantoor Tel: 010 777 0114 (8vm-1nm) | Kantoor Sel: **076-022-3336** (8vm-5nm)
E-pos: **cmi@vomsa.org of bianca@vomsa.org** | Webtuiste: **www.persecutionsa.org** | Facebook@cmivomsa | Instagram@cmi - vomsa

Direkteure: Mnr A.B. Illman (Uitvoerend); Pastor R. Marsh; Mnr R. Keir; Pastor J. Tucker; Mnr D. Kirton; Mnr C. Hutchinson

© Toestemming vir die herdruk van enige gedeelte van hierdie nuusbrief moet van Christelike Sending Internasionaal aangevra word.

www.persecutionsa.org/donate